

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 193

(Februarie 1985)

Ja-sê en Ja-doen

* * * * *

"Jesus Christus, die Seun van God, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God"

(2 Kor. 1:19, 20)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

JA-sê EN NEE-doen

In Matt. 21:28-32 vertel Jesus die gelykenis van die twee seuns wat die opdrag ontvang het om in hulle vader se wingerd te gaan werk. Dit is 'n eenvoudige verhaal maar vol wysheid en gesag dit is treffend in die verhewe eenvoud en ook die direktheid waarmee dit tot ons spreek. In hierdie gelykenis rig die Here *Jesus* Hom teen die sonde van onvervulde beloftes en verbreekte ondernemings,

- 'n misdryf wat baie algemeen voorkom
- talle mense word daardeur gekenmerk dat hulle woord nie veel werd is nie
- met die mond word allerlei beloftes gemaak.

Maar selde word die daad by die woord gevoeg . . . van soveel ondernemings wat gemaak word, kom daar weinig tereg.

Woorde is makliker om te gee as daade.

Dit is ook die geval met die tweede seun van die gelykenis. Die eerste seun het met growwe ongehoorsaamheid op sy vader se versoek gereageer: "Ek wil nie!", het hy gesê, maar later het hy spyt gekry en tog in die wingerd gaan werk.

Die tweede seun se antwoord op sy vader se versoek was positief, maar hy het tog weer uiteindelik teleurgestel en dit nie gedoen nie. Hy het homself bereidwillig verklaar om in die wingerd te gaan werk, maar uit sy optrede het sy onwilligheid geblyk — ". . . hy het nie gegaan nie".

Sy uiterlike pligsgetrouheid was slegs skyn, maar innerlik was hy vol teensin en verset.

Jesus vertel hierdie gelykenis na aanleiding van die oneerlike gesindheid van die Fariseërs en Skrifgeleerdes van daardie tyd,

- dié mense wat by al hulle onberispelikheid en wetsvervulling die liefdesgebod nagelaat het;
- dié mense wat met al hulle vroom praterij en voorgee van heiligheid 'n valse skyn voorgehou het;
- dié mense wat met die mond "ja" gesê het, maar met die daad "nee", gesê het, soos die tweede seun van hierdie gelykenis.

In hierdie eenvoudige verhaal van die twee seuns wil die Here *Jesus* ons waarsku teen die oneerlikheid en skynheiligheid van 'n Fariseërs-gesindheid. Want in baie opsigte herken ons onself in die persoon van die tweede seun.

Hoeveel keer probeer ons nie om die Here tevrede te stel met slegs 'n belofte van die mond nie, sonder om die daad by die woord te voeg? Hoeveel keer probeer ons nie om die Here te "paai" met allerhande vroom praatjies en voornemens wat baie selde werklikheid word nie? God kan nie só bedrieg word nie!

Die innerlike gesindheid van my hart kan nie vir Hom weggesteek word nie!

Hy is die Kenner van ons harte. *Hy* deurskou en deurgrond elke skuilhoek van ons binneste. In hierdie gelykenis wil die Here *Jesus* ons leer om daders van die Woord te wees, en nie net hoorders wat onself bedrieg nie.

Daarin het die Here *Jesus* ons voorgestaan. Ons lees in 2 Kor. 1:19 en 20 dat *Jesus Christus* nie: "ja" en "nee" tegelyk is nie. Hy is die "*Ja*" van God, die "*Ja*" op al die beloftes van God".

Die Koninkryk van die Here ken nie onvervulde beloftes nie. Die Here *Jesus* was in al sy ondernemings getrou — Hy het nie een daarvan verbreek nie, al het dit ook sy lewe gekos.

Daarom kan ons sy eiendom wees, kinders van God, en in Hom stel Hy ons in staat om gehoorsaam te wees in ons woorde en ons daade.

Ds. Pieter van der Walt.

Verdienste of genade

Reg is reg.... en verkeerd is verkeerd.... só redeneer elke mens tog, nie waar nie? Ja, jy verdien iets ... of jy verdien dit nie. Maar weet jy, nou leer die Bybel ons baie pertinent: By God ontvang jy *niks* uit verdienste nie, maar *alles* uit genade...

- die saligheid
- die lewe
- gesondheid
- voorspoed

Jy verdien niks... maar ontvang tog alles ... en dit alleen uit *genade*. Kom ons kyk na één gelykenis wat hierdie waarheid verkondig. Dit is die bekende gelykenis in Matt. 20 oor die "arbeiders in die wingerd." Die eienaar van die wingerd huur arbeiders om vir hom te werk. Ses uur die oggend huur hy 'n klomp en ook weer om nege uur. Om twaalfuur huur hy nog weer by en ook weer om drieuur die middag. Die laaste groep huur hy selfs nog om vyfuur. En om sesuur betaal hy die lone. En wat 'n verrassing: Hy betaal almal dieselfde loon, vir die wat twaalf ure lank gewerk het gee hy dieselfde loon as vir hulle wat slegs een uur lank gewerk het. Natuurlik was die eerste groep baie omgekrap.

Maar nou leer die gelykenis ons dat elkeen gaan sy loon ontvang. Die gelowiges is die arbeiders. Maar die loon hou nie verband met die hoeveelheid werk wat verrig is nie — maar met die gesindheid waarmee jy vir God gewerk het. En dit is ook reg só, want dié gelykenis leer ons ook: Dat die eienaar van die wingerd, Christus, *geen* eise stel ten opsigte van die hoeveelheid werk wat jy in sy wingerd moet verrig nie, maar Christus kyk na die *gesindheid* waarmee jy vir Hom werk — of jy nou min of baie gedoen het. Dit is wel só, want die loon, nl. die ewige lewe en saligheid — dis nie ons verdienende loon nie — dis *genadeloon!*

Genade vir jou....en geen verdienste nie.

Genade vir jou....omdat Christus se kruis jou verdienste was. Hy, Jesus Christus...ons Verlosser... het volkome in ons plek *verdien* — sodat ons nou ontvang... *genade op genade!*

Ds. Nico Ligthelm

Gaan slim te werk — met jou goed

Lukas 16:9: "Gebruik die oneerlike Mammon om vir julle vriende te maak, sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang."

Die oneerlike bestuurder

'n Ryk man het 'n ekonoom in sy huis gehad wat na sy geldsake moes omsien. Maar die ekonoom was 'n oneerlike bestuurder — hy het sy baas se geld verkwis. Daarom dank sy baas hom af.

En die oneerlike bestuurder kyk die werklikheid wat nou vir hom wag vas in die oë. Wat gaan nou van hom word? Vir hande arbeid sien hy nie kans nie. Om te bedel, daarvoor is hy te skaam.

Maar kyk net wat 'n slim plan maak hy nou: Van die mense wat aan sy baas geld skuld, skryf hy 'n groot klomp skuld af. Deur dit te doen maak hy seker dat daardie mense hom goed gaan behandel wanneer sy baas hom ontslaan het.

Slim plan

Dié oneerlike bestuurder word geprys vir die slim plan wat hy gemaak het:

Dit is die punt van vergelyking wat Christus met hierdie gelykenis ook aan die orde wil stel.

- Toe die bestuurder sien dat daar 'n krisis in die toekoms op hom wag, het hy dadelik aan die werk gespring om dit te bowe te kom. Wanneer Christus sê ons moet so versigtig wees soos die slange, bedoel hy nie daarmee dat ons soos slange moet word nie. Netso met hierdie gelykenis: *Ons moet nie skelms word nie*. Ons moet met die oog op krisis wat in die *toekoms* vir ons wag, nou reeds slim optree.
- In vers 8 sê Christus: "Die mense van hierdie wêreld tree slimmer onder mekaar op as die kinders van die lig."

Dit beteken: Die wêreldlinge, die geldwolwe en die magnate, gebruik die middele wat hulle tot hulle beskikking het — en dit is geld! — om voorsiening te maak vir hulle eie toekoms — sover as wat hulle in die toekoms kan sien.

Hoeveel te meer moet die kinders van die lig, dié wat in Jesus Christus glo, nie voorsiening maak vir hulle toekoms nie. Die toekoms wat vir die gelowige wag, is onvergelykbaar groter as die toekoms wat die wêreld jou bied.

Vir elke mens wag 'n krisis

Vir elke mens wag daar 'n krisis: Die *dood*.

Maar die krisis is deur Christus ten behoeve van ons die hoof gebied.

Hy het die dood ingegaan — maar ook weer uit die dood opgestaan.

En as jy in Hom glo, dan is jy saam met Hom 'n oorwinnaar oor die dood.

- + Wat doen jy in verband met daardie krisis wat gaan kom?
 - + Wat jy moet doen, is: Bekeer jou deur die genade van *God* en glo in die Here Jesus Christus — en jy sal gered word.
 - + Hoe verstandig tree jy met jou geld en goed op? Hoe slim gaan jy te werk met die stoflike middele in jou hande?
- Gebruik jy dit na eie goeddunke?
- Of gebruik jy dit soos God dit wil hê?
- + 'n Koninkryksburger moet dit gebruik soos iemand wat wel voluit in hierdie wêreld leef,

maar wat weet dat daar vir hom 'n heerlike toekoms wag — anderkant die graf en die dood — *by Jesus Christus ewig in die hemel.*

- + Hierdie wêreld met al sy prag en praal sal vergaan, maar die *Koninkryk van God bly vir ewig staan.*

Ds. A. H. Grové

Ryk, maar dwaas

Lukas 12:15 "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid."

Die ryk dwaas

Die ryk man in hierdie gelykenis het 'n baie onverstandige fout gemaak. Hy het naamlik gedink dat sy rykdom vir hom vastigheid in die lewe kan bring. Hy het toe baie aardse skatte vir hom opgegaan en in selfgenoegsaamheid gesê (vs. 19): "Mens, jy het baie goed wat vir baie jare weggesit is. Hou op met werk: Eet, drink en leef lekker."

Maar God ontmasker sy dwaasheid. God eis sy lewe van hom op, en wie kry nou al die skatte wat hy bymekaargemaak het?

Ryk in God

Wie nie ryk is in God nie, maar sy vertrou op aardse goedere vestig, hy verloor sy lewe.

Ons mag ryk wees — aan aardse goed, ja! Job en Abraham en Nikodemus was ryk mense, en die Here neem hulle dit nie kwalik nie. Jy moet net nie jou hart op daardie rykdom lê nie.

Matt. 6:19-21: "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar die we inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar die we nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is daar sal jou hart ook wees." Die ryk dwaas se fout was: Sy hart was by sy verganklike aardse skatte! Hy het sy huis op sand probeer bou en nie op die onveranderlike, ewige God nie — die rots wat onbeweeglik vas bly staan.

Gierigheid

1 Tim 6:10 leer ons: "Geldgierigheid is die wortel van alle kwaad." Christus vertel hierdie gelykenis spesifiek met die oog daarop om ons te waarsku teen elke vorm van hebsug en gierigheid. Tussen die ryk dwaas en God het sy besittings gestaan, en juis dit het toe uiteindelik hom sy lewe gekos!

Rykdom het nogal die geneigdheid om jou te laat dink dat dit jou êrens kan bring. So was dit die geval met die gemeente van Filadelfia. Openbaring 3:17: "Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie", en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en naak."

Beërf die ewige lewe

Geen mens kan twee gode gelyk dien nie. Hy sal die een liefhê en die ander een haat. Jy kan nie die ware God van die Skrifte en ook nog die afgod van die geld, die Mammon, tegelyk dien nie.

Daarom gee die Here aan elkeen van ons, maar in die besonder aan die rykes, hierdie opdrag in 1 Tim 6:17: "Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet."

Die ewige lewe kan jy nie met al die geld in die wêreld koop nie. Nee, dit is 'n geskenk wat God uit genade aan jou gee.

Aan die Kruis van Golgota het Christus die ewige lewe vir ons verwerf. Met sy bloed het hy dit gekoop. Wanneer jy in Hom glo, dan word jy gered — dan het jy die ewige lewe.

Jou rykdom en skatte kan nie 'n greintjie bydra om jou die saligheid in besit te laat neem nie. Wat wel kan gebeur is dat die aardse goedere wat die Here aan jou toevertrou het - as jy dit verkeerd gebruik, kan dit tussen jou en die ewige lewe staan. Dit is wat met die ryk dwaas gebeur het.

Mark 8:35,36: "Wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en

die evangelie verloor, sal dit behou. Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?" Moet dus nooit die fout maak van die ryk dwaas nie! Soek eers die Koninkryk van God en doen wat Hy wil hê! By Hom — en by Hom alleen — is die ewige lewe te vind!

Ds. A. H. Grove

Die ryk man en Lasarus

Luk. 16:31: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."

Begrafnis

Elkeen van ons het al 'n begrafnis bygewoon en gesien hoedat 'n naby vriend of familielid in die skoot van die aarde weggelê word. Wanneer jy daar by die oop graf staan, dan besef jy: Hierdie is inderdaad die laaste rusplek hier op aarde! Hierdie is 'n finale einde!

Op hierdie aarde is daar niks sekerder as dat u deur ses mense in 'n kis na 'n graf toe gedra gaan word nie. Maar waar gaan u anderkant die graf aankom? Daar is maar 'n klein aantal moontlikhede: Net een van twee! Of in die hemel, of in die hel!

Wat bepaal jou bestemming

Watter faktore in hierdie lewe bepaal jou bestemming in die lewe anderkant die graf?

Hoe ryk of arm jy was? Hoe 'n hoë posisie jy in die samelewing beklee het? Hoe groot jou bydrae aan die kerk was? In hierdie gelykenis sê Christus vir ons dat jou ewige eindbestemming word deur een enkele faktor bepaal — en dit is: Het jy geluister na die Woord van God?

Die ryk man

Ons leer die ryk man ken dat hy baie ryk is. Aan aardse goedere en genot ontbreek dit hom aan niks. Hy het 'n oorfloed kos, en die klere wat hy dra is soos die van 'n edelman.

Maar een baie belangrike ding het hom ontbreek. Hy het sonder die Woord van God gelewe en sy daaglikse werk doen.

Lasarus

By die deur van die ryk man lê die arme ou bedelaar. Hy is oortrek van swere — en só hulpeloos is hy dat selfs die honde aan sy sere kom lek het. En boonop moes hy ook nog leef van die oorskiet kossies wat van die ryk man se tafel afval.

Albei sterf

Albei hierdie mense sterf — soos wat elke mens op hierdie aarde verseker eendag gaan sterf. En waar bevind hulle hulle toe ná hulle dood?

Die arm man is in die hemel, aan die boesem van Abraham. Ons lees nie eers dat hy 'n begrafnis kry nie. Wat egter baie belangriker is, is dat hy nou by sy Saligmaker, Jesus Christus, is (Fil. 1:23).

Dit is waar elke ware gelowige verseker graag wil wees, en — wonderlik om daaraan te dink — waar elke gelowige inderdaad gaan wees!!

En die rede waarom Lasarus salig is, is omdat die Here hom uit genade gered het — en beslis nie omdat hy enige prestasie van sy kant af gelewer het nie. Ja, watter prestasie sou 'n arme ou bedelaar voor God kan lewer om daarmee sy saligheid te kan verdien?

Die ryk man het toe ook op 'n dag gesterf — en Christus sê spesifiek dat hy 'n begrafnis gehad het — na alle waarskynlikheid 'n weelderige begrafnis, want hy was 'n ryk man.

Maar helaas! Waar is sy siel in die doderyk? Tragies: Hy is in die hel!

Waarom? In die gelykenis kom dit baie duidelik na vore: Hy het nie na die Woord van God geluister nie!

Dit is nie die geval dat hy nie van die Woord van God geweet het nie.

Nee hy het hom heel eenvoudig net nie aan die Woord van God gesteur nie. Hy weet van

God. Hy spreek Abraham dan aan as "Vader Abraham".

Maar hy het God nie in die middelpunt van sy lewe geplaas nie.

Te laat

In die doderyk wil die ryk man nou sake in die reine probeer bring. Maar tussen die hemel en die hel is daar 'n onoorbrugbare kloof. Lasarus kan nie eers vir die ryk man 'n druppel water vat nie. Jy kan nie jou verhouding met God aan die anderkant van die graf in die regte voë lê nie. Dan is dit onherroeplik te laat!

- Elke dag het ons geleentheid om die Here te soek — ons het sy Woord vryelik beskikbaar om te lees en te bepeins en te oordink.
- Elke dag kan ons Hom aanroep — en hy sal na ons luister. 'n Gebroke en 'n verslae hart sal Hy nie verag nie.
- Elke dag kan ons Hom in sy Woord en in die gebed soek — en Hy sal Hom deur ons laat vind.
- As ons nie na die Woord van God luister nie, dan sal ons nie van ons sonde en ellende oortuig word nie, al staan iemand ook uit die dood uit op . . .
- Daarom moet ons deeglik ag slaan op die woorde van die Here in Jes. 55:6: "Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is."

Ds. A. H. Grove